



## *Drostyd is 'n Belewenis*

### **Ons staan vir:**

### **Respek, Liefde, Verantwoordelikheid & Trots**

31 Augustus 2018

Geagte Ouers

#### **UIT DIE HOOF SE KANTOOR**

Om deel te wees van HTS Drostyd is 'n belewenis - dit is weer die afgelope paar weke bewys.

Ons orkes het 'n puik Winterkonsert saam met die koor gelewer. Die koor het 90% behaal by die Montagu Eisteddfod. Die revue was besonder goed en ons het ongelooflike goeie terugvoer van ouers en die publiek gekry. Van ons leerders neem individueel deel en presteer op so 'n vlak dat dit vir Drostyd trots maak om te sê dat ons kultuur kerngesond is. Baie geluk aan al die deelnemers met dié mooi prestasies en dankie vir julle harde werk.

Met die Astrobaan nou voltooi en die laaste wedstryde wat daar gespeel is, wil ek vir Annamarié Underhay baie dankie sê vir die harde werk wat sy ingesit het om die droom van Drostyd waar te maak. Die sportprysuitdeling het ook net weer beklemtoon hoe goed dit met ons sport gaan. Dankie aan elke afrigter, leerder en ouer wat deel van hierdie belewenis is.

Die skool se bestuurspan is besig met volgende jaar se beplanning en begroting. Ons herinner ouers solank daaraan dat die goedkeuring van die begroting sal plaasvind op Maandag 15 Oktober 2018, soos dit in die huiswerkboek aangedui is. Ons doen 'n beroep op ouers om die vergadering by te woon, sodat u ingelig is oor hoe die skoolgeld versprei word.

Ons wil 'n beroep op elke ouer doen om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van skoolgeld na te kom. Geen skool kan funksioneer sonder fondse nie. Die opvoeding van elke leerder is belangrik en dit kan net gedoen word as die nodige ondersteuning op alle gebiede kan plaasvind. Ons was al hierdie jaar verplig om koshuisverblyf op te skort as gevolg van wanbetaling. Dit is 'n baie hartseer saak, maar die koshuise se fondse is nodig om die dag tot dag rekeninge te betaal. Indien ouers 'n probleem ondervind, moet u asseblief met die finansiële kantoor skakel, sodat die nodige reëlings getref kan word.

Dit is vir my aangenaam om te bevestig dat die volgende aanstellings deur die departement gemaak is:

- \* Adjunkhoof: Mnr Callie le Roux
- \* Adjunkhoof: Mev Liesel van Deventer
- \* Departementshoof - Fisiese Wetenskappe: Mnr Nelis Cornelissen
- \* Departementshoof - Wiskunde: Mev Karen le Roux
- \* Departementshoof - Lewenswetenskappe: Mev Christine Meiring
- \* Departementshoof - Engels: Mev Elphia Neethling
- \* Departementshoof - Kultuur: Mnr Pieter Ras

Baie geluk aan hierdie personeel. Ek is vol vertroue dat hierdie aanstellings groot waarde gaan toevoeg tot Drostyd se akademiese.

Ek moet ongelukkig ook noem dat daar steeds leerders is wat ons fasiliteite afbreek en beskadig. Gewoonlik is hierdie leerders naamloos en kry ons hulle nie in die hande nie. Ek wil vir u as ouer vra om met u seun of dogter te praat oor die koshuise. Indien ons 'n leerder sou skuldig bevind, gaan ons aandring op onmiddellike uitsetting uit die koshuis.

Ek het opnuut besef hoe belangrik ouers is vir die hoekstene van 'n gesin. Ouers moet 'n volhoubare beweging skep waar goeie gesinswaardes in huise gevestig kan word.

Hier is 'n paar belangrike prioriteite waaraan ouers aandag kan gee:

- \* Onderwys is almal se verantwoordelikheid.
- \* Ouers is die primêre rolspelers in huishoudings en dit moet weerspieël word in die koshuise.
- \* Die huis is die basis wat gevorm word vir goed funksionerende gesinne.
- \* Huishoudings, skole en gemeenskapstrukture moet saam werk om volhoubare dissipline te verseker.

Baie dankie aan al die ouers wat die vraelyste ingevul het. Die inligting is amper gereed om met u te deel. Ek sal dit ook bekendstel tydens die Prestige Prysuitdeling en die begrotingsvergadering.

Op akademiese gebied is die skoolbestuur se vinger op die pols en word die uitslae deeglik bespreek tydens vakvergaderings en bestuursvergaderings. Die toetsroosters is in die huiswerkboek en u kan gerus daarna kyk om u kind te motiveer en sy/haar vordering te volg. Sterkte aan die matrieks wat reeds hierdie week begin het met hul rekordeksamen.

## **1. Matriekafskeid (Donderdag 27 September 2018)**

Sonder om enigsins inbreuk te maak, of leerders se pret te bederf, wil ons graag vra dat ons matriekouers verantwoordelikheid neem vir hulle kinders se gedrag en optrede tydens die funksie en veral ook na die funksie. 'n Matriekafskeid is 'n geleentheid waartydens kinders opgewonde en uitbundig kan raak en almal wil graag hê dat hulle die geleentheid ten volle moet geniet. Die skool se verantwoordelikheid strek egter net so ver soos die verrigtinge wat in die saal aangebied word. Almal is egter bewus daarvan dat baie matriekleerders na die saalfunksie 'n sogenaamde "after party" met, of sonder, hulle ouers se medewete of toestemming, gaan bywoon. In belang van al die kinders se veiligheid en mooi herinneringe aan die matriekafskeid, wil ons graag versoek dat ouers hulle sal vergewis van wat alles vir die aand beplan word. Die veiligheid en goeie gedrag van leerders na afloop van die matriekafskeid bly ouers se verantwoordelikheid.

## **2. Projek by Spar (Quenets Arkade)**

Spar Q Square in die middedorp het 'n skoleprojek waarin hulle maandeliks 'n bedrag aan ons en elf ander skole uitbetaal. Twaalf posbussies is voor in die winkel aangebring en die waarde van die uitbetaling word bepaal deur die hoeveelheid koopstrokies in elke skool se bussie. Die bestuurder het 'n persentasie met die skool ooreengekom wat geldig sal wees vir 'n jaar. Ons moedig ouers aan om ons te ondersteun deur hulle koopstrokies by Spar Q Square in Drostdy se bussie te gooi - hoe meer ouers hulle strokies ingooi, hoe groter sal ons uitbetaling wees! Ondersteun asseblief hierdie projek!

Baie dankie aan die ouers wat dit reeds doen. Baie dankie aan Spar & Tops Q Square vir die inisiatief om terug te gee aan die hart van die gemeenskap - ons skole!

## **3. Eksamenrooster**

Die rooster is by die nuusbrief aangeheg vir u aandag.

Geniet die naweek met die kinders tuis.

Vriendelike Drostdygroete.

**HOOF & PERSONEEL**